

2 Februarie

“Praat, Here, u dienaar luister”

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 3
Fokusgedeelte: 1 Sam 3:10**

“Samuel, Samuel ...” roep die Here, maar Samuel gaan na Eli. Die rede wat vir ons gegee word vir Samuel se hardhorendheid, is juis die feit dat hy nog nie die Here geken het nie, *want die woord van die Here was nog nie voorheen aan Hom geopenbaar nie.*

Die Here roep ons ook. Daar is egter een verskil – ons ken die Here. Maar as ons die Here ken, waarom is ons eerste reaksie om na mense te vlug, soos Samuel na Eli? Dit terwyl ons reaksie eerder moet wees om op ons knieë te gaan en te sê: Praat, Here, u dienaar luister. Beteken die feit dat ons nie luister nie, eintlik dat ons nie die Here ken nie? Of is ons net moedswillig? As die geleentheid hom voordoen om ons roeping uit te leef, skram ons daarvan weg, want netnou kry die arme boemelaar iets daaruit. Ons is en bly moedswillig.

Die Here roep elkeen van ons. Al is ons so jonk soos Samuel, of so oud soos Metusalag. Ouderdom is nie 'n beperking nie. Ons roeping is daardie punt waar ons gawes, geleenthede en passie – wat die Here aan ons geskenk het – bymekaar kom. Ons mag nie ons roeping ignoreer nie. As ons dit doen, roep die Here weer en weer en weer, totdat ons na Hom luister.

Die Here verwag van ons om ons roeping uit te leef. Laat ons dit dan ook doen met die volgende woorde: “Praat, Here, u dienaar luister.” Jesus Christus stel vir ons die voorbeeld van gelowig luister na die Vader. Hy is gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

Teologiese Student Dirk Kotzee